

**Skriflesing:** Psalm 3Teks: **Psalm 3:6**Sing- **VOORSANG: Ps. 84:1,6****TYDENS EREDIENS: Ps. 84:2,3; Ps. 19:2,4; Ps. 86:1,6; Ps. 8:1,3,4; Ps. 18:12,14****Psalm 3****Psa 3:1** 'n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom.**Psa 3:2** o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.**Psa 3:3** Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela.**Psa 3:4** Maar U, HERE, is 'n skild wat my beskut, my eer en die Een wat my hoof ophef.**Psa 3:5** Luid roep ek die HERE aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg. Sela.**Psa 3:6** Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my.**Psa 3:7** Ek sal nie vrees vir tien duisende van mense wat rondom teen my gereed staan nie.**Psa 3:8** Staan op, HERE; verlos my, my God! Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan; U het die tande van die goddelose stukkend gebreek.**Psa 3:9** Die heil behoort aan die HERE; laat u sien wees oor u volk! Sela.**Skriflesing:** Psalm 3Teks: **Psalm 3:6**Sing- **VOORSANG: Ps. 84:1,6****TYDENS EREDIENS: Ps. 84:2,3; Ps. 19:2,4; Ps. 86:1,6; Ps. 8:1,3,4; Ps. 18:12,14**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dag in en dag uit, week in en week uit, jaarin en jaaruit het ons in baie opsigte te doen met 'n lewe wat ons nie baie rus gegun word nie. Ja, u kan dit vroeg reeds in Psalm 3 aanvaar, die volgende in ons reeks uit die Psalms het as sleutel tot die verstaan van die Psalm maar ook 'n sleutel wat in ons daaglikse lewe hanteer moet word, hoe kan ek rus vind, hoe kan dit in my lewe tog wel rustiger gaan.

As ons na die lewe rondom ons kyk dan is daar nie veel tekens van rustig wees en rustig raak nie. In die stad was dit so deel van elke dag maar hier is dit beslis ook maar ene bedrywigheid. Tog moet ons nie verward raak oor wat rus werklik beteken nie. Om bedrywig te wees, aan die gang, jou liggaam se kragte word tot die uiterste getap en uitgeput is één saak maar die dieper rus wat so 'n moeë liggaam kan ingaan is iets wonderlik maar dan besef ons die werklike rus wat ons Psalm oor handel en wat Dawid so na verlang het, is 'n sielerus. Ons het hier eintlik 'n soeke en 'n verlange na 'n diep geestelike bed waar ek nie my moeë liggaam op kan neerlê om maar net te rus nie. In my diepste wese, ja in my hart, siel en verstand gaan dit om baie meer as net 'n bepaalde stilstand en so bietjie rus op my bed, maar ek word deel van 'n Sabbat-belewenis wat baie dieper die Skrif, die Woord van God ingebed lê as om te dink die Sabbat handel maar net oor 'n bepaalde dag.

Die Sabbat handel oor rus en wat God Homself aan verbind het. Ons besef daar is eintlik dwarsdeur die Woord van God twee Sabbatte, twee Sabbatslyne wat deurloop, wat elk

selfstandig nagegaan kan word wat die een spreek tot die ander maar wat tog wel heeltyd onderskei moet word. Die rus wat God Homself gee, moet nie geringgeskat word nie. Daarmee eindig die skepping van God, daarmee begin Genesis 2. God het nie alleen van sy skeppingswerk gerus na die sesde skeppingsdag nie, God wil ook uiteindelik in sy werke rus. Genesis 2 vv 2-3: *2 En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. 3 En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.*

Ons besef die Sabbat wat God oor Homself laat kom is 'n ewige Sabbat, dis 'n dag wat beslis nie met ure en minute afgetel kan word soos die Sabbat wat ons in die vierde gebod aantref nie. Dis ook anders as die Sabbat wat ons in Sondag 38 van die Kategismus oor handel. Tog praat Sondag 38 van die Kategismus ook van die ewige Sabbat wat ek reeds in hierdie lewe moet in glo en moet toepas en in my lewe moet verreken. Die ewige Sabbat moet nou alreeds verstaan en beleef kan word, maar dan sal u saam met my besef dis ook iets van die kern van Psalm 3.

\*\*\*

In Psalm 1 en veral Psalm 2 was daar op 'n manier sprake van verskriklik onrus, die onstuimigheid, die verskrikkinge wat daar in die wêreld is, ja Psalm 2 was 'n beskrywing van wêreldpolitiek in sy hoogste ordes. Nou kom Psalm 3 en laat my wonder waar pas ek in. Dawid het oor sy eie lewe en sy onrus baie gedagtes gehad, ja die agtergrond tot sy skryf van Psalm 3 was alles behalwe 'n rustige aanloop. Dit kom voor Dawid was al hier 'n ouman maar watter onrus, watter verskriklike onstuimigheid is daar in sy gemoed omdat sy eie kind hom wil doodmaak. Absalom het homself as koning oor Hebron aangestel en hy verdryf sy pa van sy troon in Jerusalem. Absalom het ook iets van die vermetelheid van daardie konings wat ons in Psalm 2 al van geles het. Hy maak asof hy koning is maar die Here het hom nie geroep en nie verkies nie. Die geskiedenis tot hierdie tragiese onrus en dit wat Dawid op sy oudag tref kan in 2 Sam 15 geles word.

Dawid die grote koning van ouds, die jongseun van ouds wat Goliat kon neervel, dit met 'n slingervel en 'n enkele klip al het hy vier ander klippe ook opgetel gehad. Dawid het sy tienduisende mense verslaan, hy was die held vir sy volk maar die verskriklikste gebeur met die man as hy dan later vir 'n enkele mens moet vlug en dit vir sy eie kind. So, word hy eintlik in

die grootste onrus ingedompel wat hy hom nie op kon voorberei nie. Die wat die naaste aan my is wat my soms die seerste kan maak. Ja, êrens in die nag, op pad na die Jordaanrivier was die gietswart hemel wat oor hom gehang het eintlik maar 'n aftekening van sy gietswart gemoed.

Dit is die laagste gemene raad wat in die geleedere van sy eie huis teen hom plaasvind. Dawid voel hom so blootgestel en oorgelewer ook aan baie ander mense wat hy as vyande beleef. Die “baie” wat hy in vers 2 van praat laat Dawid magteloos en hartseer klink. Hy hoor hoe mense wat vroeër sy volgelinge was, nou is hulle sy vyande. Sy eie kind, hoe seer maak dit nie?! Hy praat van hoe hulle hom spot. Dit herinner baie sterk aan die spot en die hoon en die seer wat daar later op Jesus sou neerkom.

As hy die baie mense in hulle spot nog beter hoor, dan hoor hy hulle sê- *Vir Dawid is daar geen heil by God nie ...* Mense kan tog so baie oor ander mense praat. Hulle praat ook só maklik! Tussen vers 3 en 4 gebeur daar egter 'n merkwaardige sprong. Die “baie” mense sê sommer *...vir Dawid is daar geen heil by God nie ...* Of dan ook soos die '83 Vertl dit vertaal - *Van God kom daar vir hom geen hulp nie!* As Dawid hulle begin antwoord, dan word dit 'n antwoord wat al dieper die nag ingryp soos wat die nag in jou gemoed jou ook kan bekruip, maar het u gehoor hoe antwoord hy die baie mense. Hy noem God nie by die naam God nie, maar in vers 4 praat hy in weerwil van die baie mense, veel eerder van HERE, hier in die Hebreeus is dit God se verbondsnaam. Om God so te mag noem, watter genade is alreeds daarin opgesluit, Hy wat my HERE is, maar sy herkenning en erkenning van God gaan nog dieper. Hy noem drie dinge, dinge wat van buite na hom kom, dit wat van binne kom, maar ook dit wat dui op niks kan hierdie band, hierdie verbinding met God vervang nie.

\*\*\*

Van buite sien hy die Here as sy skild. So is daar vir hom beskerming van buite. Van binne sê hy dat die Here is my eer. So word sy binneste ook versterk as God daarbinne sy eer kry. Wat dit van buite en binne net nog beter maak is die feit dat daar met God wat vir hom sy HERE is voortdurende kontak mag wees. Die God wat my antwoord as ek Hom aanroep. Dawid stel dit in vers 5 baie sterk- *Luid roep ek die HERE aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg.*

As Dawid dan die tempelberg die heilige berg noem dan kom daar in hom die besondere van die mens se Sabbat wat ons vandag mee wou begin. Om rustig te raak, om rus te mag vind. Dis wonderlik as dit gebeur. Maak nie saak hoe baie mense daar steeds teen hom is nie, hulle mag dalk 'n oormag wees, ja vers 7 praat van tienduisende van mense wat rondom teen my gereed staan. Hy wat Dawid is word daardie oggend wakker met die besef ek het so rustig kon slaap.

\*\*\*

Hy skryf sy môrelied. Daar kom in hom 'n vrede wat sekerlik die verstand te bowe gaan, maar is dit nie presies dit wat Jesus ons ook wil skenk nie. Vrede laat ek vir julle na, is Christus se woorde. Joh. 14 vers 27- 27 *Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.* As ek in Christus my vrede kon vind dan praat ek nie langer oor God soos wat Dawid se vyande gedoen het nie, maar dan kan daar met God gepraat word, soos wat Dawid self doen. Daar is 'n baie groot verskil tussen om oor God te praat of dan wel met God te praat.

Wanneer Dawid met God praat word dit tegelyk sy rus en vrede in God. Die Sabbat in my gemoed word oorgedra na my bed. Vers 6 ons teksverse sê dit alles- *Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my.* Watter rus is daar as ek dit mag noem dat God se hand my kopkussing word, dat ek weet selfs met elke asemteug in my slaap sorg God vir my. God ondersteun elke asemteug.

\*\*\*

Geliefdes as ons dan nou ook aanstons Sondag 4 van ons belydenis oopmaak, dit wat mens oor jouself besef, dat ek verdien nie hierdie rus nie. Die mens wat so maklik God van onreg kan beskuldig omdat daar swaar dinge is wat oor ons pad kan kom. As God dan wel sy Sabbat ons Sabbat maak, die Sabbat van die vierde gebod wat op sigself 'n verbondsteken is, maak dat die Sabbat al minder met 'n dag te make het en al meer met Christus in verband staan. Christus word my Sabbat en die dag moet alleen van Hom spreek dan verstaan ons hoekom Hy gesê het die mens is nie vir die Sabbat gemaak nie, maar die Sabbat is vir die mens gemaak. Mag u dit ook ontvang, die ware Sabbatsrus, wat daardie môre so wonderlik deel van Dawid se lewe was, al was dit 'n Maandag, 'n Woensdag of Vrydag-môre, maak nie saak nie.

Die oggend wat Dawid sy môrelied tot ons bring staan hy rustig op met die wete al het my vyande nie minder geword nie, intendeel Dawid bemerk hulle steeds as tienduisende van mense, almal wat teen my gereed staan, maar in die oggend voel hy tog so anders as hoe hy deur daardie nag gevoel het, oor my seun, oor my baie vyande, oor hulle wat gesê het dat Dawid kan by God geen heil vind nie. Nou kan hy God aanroep, maar ook oproep as die Een wat werklik die stryd vir hom sal stry. In die plek van sy angs het daar nou kalmte gekom, die tienduisende mense wat Absalom aan sy kant gehad het, moet besef hulle mag dalk baie wees, maar teen hulle almal staan die één Almagtige God. God kan hulle tegelyk soos een man op die kakebeen slaan, die God wat die tande van die goddelose kan stukkend breek. God se almag is duidelik, dit sal Sondag 4 ook beklemtoon maar dit beteken nie dat God nie ook barmhartig is nie. God se liefde sal nooit teenoor sy straf onderspeel mag word nie. Hy wat almagtig is, is waarlik regverdig, maar dit neem niks van sy liefde weg wat 'n mens laat sing- *Die heil behoort aan die HERE; laat u seën wees oor u volk.*

\*\*\*

Dit waarmee Psalm 3 eindig, so troosryk laat Dawid as priester-koning die woorde oor ons kom dat dié God wat 'n nuwe dag skenk, Hy gee ook weer nuwe moed en nuwe krag. God is inderdaad die bron van ons sekerheid en troos, al mag dit nie so voel nie, mag jy dit inderdaad ook luid uitroep, ja mag u geseënd dit uitroep – *Die heil behoort aan die Here*, of soos dit ook vertaal staan- *Hulp kom net van die Here af.*

AMEN

**Sing: Ps. 8:1,3,4**

### **Sondag 4**

**Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

**Antwoord:** Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duivel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

**Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?**

**Antwoord:** Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

**Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?**

**Antwoord:** God is wel barmhartig; maar Hy is ook regverdig. Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word - dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

Hulp kom net van die Here af. Daarmee het ons Psalm 3 geëindig. In wese is dit eintlik ook maar waarmee Sondag 4 ingegaan kan word ... Broeder en suster, in Sondag 4 het ons ten diepste te doen met regsrae. Regsrae met baie skerp antwoorde. Antwoorde wat ons as mense moeilik hoor en ook nie altyd graag wil hoor nie. Wie met die Here te doen het, sal besef dinge

gebeur wat ons dalk anders sou wou hê, dinge word gesê wat ons dalk nie so wou gehoor het nie. Dat God se oordeel reg is, dit aanvaar ons, dat God se oordeel streng is, daarmee is ons as mense geneig om daarmee ompaadjies te probeer loop. Om by verlede Sondag aan te sluit het ons die sondeval van die mens tussen die bome moes bely. Die wêreld se swartste nag het oordag plaasgevind. Soos dit met 'n boom gaan, so het dit met die mens gegaan. As 'n boom val, dan val sy takke en blare saam. Adam, daardie boom in die paradys het geval. Sondag 4 wys vir ons hoe reg en hoe streng God se oordele dan nou wel is, nadat die mens geval het. Wanneer die Woord van die Here spreek, dan is dit 'n Woord heeltemal in lyn met wat ons belydenis ons in Sondag 4 oor God se geregtigheid, God se straf, God se strenge oordeel, maar ook God se barmhartigheid na vore bring.

Ons besef daar was nie uitkoms nadat die mens gesondig het en daar vir die sonde betaal moet word nie. Ons kan niks teen God se oordele inbring om dit van ons kant sagter te maak nie. Dit bly nou maar eenmaal nie God se skuld dat die mens in die ellendige toestand verkeer wat ons in die vorige twee Sondae al vir onself moes uitmaak, hoe ellendig dit is nie. Met God kan daar nie speletjies gespeel word nie. God handhaaf sy Wet net soos wat God in elke opsig sy Woord sal bly handhaaf. 'n Uitkoms of 'n uitvlug moet ons nie vir onself probeer voorstel nie, ja allerhande verskonings probeer uitwerk waarom God ons darem nie so streng mag straf nie.

As ons net dink aan die woorde wat ons vanoggend reeds vanuit die Here se Wet ook kon hoor, dat die Here *onse God, is 'n jaloerse God ...* Natuurlik is dit nie die tipe jaloesie wat ons so dikwels met die woord jaloers in verband bring nie. Hierdie is 'n heilige daad van God, as ons lees God is 'n *jaloerse God* wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, in die derde tot in die vierde geslag van die wat Hom haat en sy gebooie oortree.

God Self hou die wag oor Wie Hy is. Hy waak jaloers oor sy heiligheid, sy waarheid, sy betroubaarheid, God hou Self die wag oor sy Reg. Hy is heilig jaloers daarvoor en sal daarvoor toesig hou. God sal ook altyd oor sy kinders jaloers die wag hou en wanneer hierdie kinders in dit wat vir God kosbaar is en dit wat die Here met heilige erns na omsien vertrap, dan word die kind die een wat gestraf sal word omdat hulle nie jaloers die wag kon hou oor dit wat vir God kosbaar is en waarlik daarvoor sal God straf.

Die verskonings wat die mens homself kan voorstel, die uitkomste, die ontvlugtings vanuit God se regspraak, ja die mens is 'n mens wat so maklik klomp verskonings kan uitdink. Hier in Sondag 4 is ten minste ook drie verskonings. 'n Verskoning wat na vore kan kom is of God nie eintlik die onmoontlike van ons verwag nie. Die vraag impliseer God moet Hom na die mens rig. God moet Homself maar neerlê by die gevolge van ons val. Hoe dankbaar moet ons wees dat God dit nie sal doen nie. As God dit sou moes doen, Hy werk nie meer vanuit sy gebod nie, maar vanuit ons lot, dan sou God sy eie Woord ontrou word. Wie sy Woord ontrou word kan self nie meer vertrou word nie. Genade op genade dat uitkoms 1 nie mag gebeur nie.

Uitkoms 2 kom ter sprake. Is dit nodig as daar skuld is dat daar straf ook moet wees. Ja, hoe dankbaar om te weet al is dit 'n harde woord om te spreek. Skuld en straf hoort bymekaar soos hitte en vuur. As daar skuld is, moet daar straf ook wees. Sondag 4 werk dis nie alleen met ons onvermoë nie, maar ook met ons moedswilligheid. Ons onvermoë en moedswilligheid is twee kante van dieselfde munt. Dit is darem baie moedswillig om te dink ek is wel skuldig maar God hoef my nie te straf nie. Uitkoms 3 is amper 'n ontvlugting wat die mens probeer. Om God se deugde teen mekaar te wil afspeel. Moet God se barmhartigheid, sy liefde nie meer wees as wat sy geregtigheid is nie.

Geliefdes, 'n koninkryk wat in homself verdeeld is, kan geen ware koninkryk meer wees nie. Barmhartigheid en regverdigheid, liefde en oordeel, dit is sake wat ons as mense in ons sonde geneig is om haaks tot mekaar te plaas. God kan en mag nie teenoor Homself afgespeel word nie. God handhaaf eenvoudig net Homself. Hy wat barmhartig is, is wel ook regverdig. Geen deug van God kan van die ander geskei word nie. Die God wat die hoogste liefde is, kan die sonde ook die meeste haat. Dit staan geensins in spanning met mekaar nie.

Dit is waarlik omdat God liefde is dat Hy die sonde die meeste kan haat. In alle geval die hoogste straf moet ter sprake kom voordat die grootste liefde inwerking kan kom. Daarom moet die sondaar altyd weet verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God. Hy wat 'n wreker van die sonde is. Hy wat straf, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat Hom haat. Dit leer die Wet ons. Besoek die misdade van die vaders die geslagte in, drie tot vier

geslagte verder. Tog hoe aangrypend dieselfde God praat van barmhartigheid tot in die duisendste geslag van die Hom liefhet en sy gebooië bewaar. Ons sluit dan met die volgende af- Omdat God se liefde so volmaak is daarom sal God Sy reg ook vervolmaak.

God wat sy Wet handhaaf, is dieselfde God wat sy Woord in alles sal handhaaf. In Deut.32:4 lees ons dit so duidelik- God is 'n God van trou- of soos dit hier staan- God is 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy...maar dan lees ons ook hiermee saam Eks.34:6-7 waar Moses dit so duidelik uitroep toe die Here by hom wat Moses is verbygegaan het – Hy vat dit saam- *HERE, Here barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir die duisende, wat ongeregtigheid en sonde en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag... Baie jare na Moses dan sing Dawid dit nog luidkeels uit- Ps.103:8-10- Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid, Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees...*

As ons 'n volgende keer die Kategismus ook weer mag oopmaak, is ons by Sondag 5 wat 'n nuwe deel van die Kategismus inlei. Die Sondag wat ons duidelik wil laat verstaan dat daar net een weg is- één weg tot verlossing. Dit word 'n al hoe groter soektog... Dit word 'n al hoe groter vraag- hoe kan ek verlos word? Hier sal ons agterkom daar was dan ook net een manier hoe ek van God se regverdige straf vry kan kom- en dit is as daar betaal word. Sondag 5 gebruik die woord betaal nie min nie, want betaal moes daar betaal word. Tog bly die Woord in Psalm 3 in alles vandag sterk en duidelik, mag dit ook so vir u uitstaan - *Hulp kom net van die Here af.*

AMEN

Na die liefdegawes sing ons Ps. 18:12,14